

NG GEMEENTE JEFFREYSBAAI
TIENDE MAAND REEKS

HERVORM

Vyf waarhede. Een evangelie.



SOLA
SCRIPTURA



SOLA
GRATIA



SOLA
FIDE



SOLUS
CHRISTUS



SOLI
DEO GLORIA

GROEIGROEPMATERIAAL

Huisgeloof- en groeigroepmateriaal

Sondag 18 Oktober 2026

Tema: **Solas – Dieper Betekenis**

INLEIDING:

Kwartaal temas 2026

Kwartaal	Fokus	Detail	Sosiaal
Kwartaal 1	Herdenk	Ou testament + Lydenstyd	Bybelse ete
Kwartaal 2	Herinner	Geloofsbelydenis Reeks	C-Fees
Kwartaal 3	Herstel	40dae Karakters Reeks	Erfenis
Kwartaal 4	Hervorm	10de Maand (Solas)	Kerssang

1. Inleiding

Mense probeer uit hulle aard, maklik Christus aanvul met geld, prestasie, status, beheer of 'n goeie selfbeeld. Sola Christus beteken: Christus alleen is die middelpunt van ons redding, hoop en identiteit.

Sleutel teks:

Kolossense 1:15-20

¹⁵Die Seun is die beeld van God, van God wat self nie gesien kan word nie. Die Seun is die Eerste, verhewe bo die hele skepping. ¹⁶God het deur Hom alles geskep wat in die hemel en op die aarde is: alles wat gesien kan word en alles wat nie gesien kan word nie, konings, heersers, maghebbers, gesagvoerders. Alles is deur Hom en vir Hom geskep. ¹⁷Voor alles was Hy al daar, en deur Hom bly alles in stand. ¹⁸Hy is die hoof van die liggaam, van die kerk. Hy is die oorsprong daarvan, Hy is die Eerste, die Een wat uit die dood opgestaan het, sodat Hy die eerste plek in die heelal inneem. ¹⁹God het besluit om met sy volle wese in Hom te woon ²⁰en om deur Hom alles met Homself te versoen. Deur die bloed van sy Seun aan die kruis het Hy die vrede herstel, deur Hom het Hy alles op die aarde en in die hemel met Homself versoen.



Sondag 18 Oktober 2026

Tema: **Solas – Dieper Betekenis**



Net Christus – *Solus* *Christus*

*In Christus skitter God se gesig vol genade en
sagmoedigheid – ook teenoor ellendige en
onwaardige sondaars – Johannes Calvyn.*

1



Sondag 18 Oktober 2026

Tema: **Solas – Dieper Betekenis**

Reeks uiteensetting

Datum	Tema	Sola	Kernbeweging	Teks
11 Okt	Alles begin by genade	Inleiding	Wat beteken die Solas?	Titus 3:3–7
18 Okt	Alleen Christus	<i>Solus Christus</i>	Christus is genoeg	Kolossense 1:15–20
25 Okt	Alleen genade	<i>Sola gratia</i>	Ek kan myself nie red nie	Efesiërs 2:1–10
1 Nov	Alleen geloof	<i>Sola fide</i>	Vertroue eerder as verdienste	Romeine 3:21–28
8 Nov	Alleen die Skrif	<i>Sola Scriptura</i>	God se Woord vorm ons lewe	2 Timoteus 3:14–17
15 Nov	Aan God alleen die eer	<i>Soli Deo gloria</i>	Wie kry die eer vir my lewe?	Romeine 11:33–36
22 Nov	Genade wat hande en voete kry	Toepassing	'n Hele lewe van rentmeesterskap	1 Petrus 4:10–11
29 Nov	Alles behoort aan Hom	Finale	Dankbaarheid, toewyding en Tiendemaand	1 Kronieke 29:10–14

2. Nadenke oor die teks

Kolossense beskryf Christus as die beeld van die onsienlike God, die Een deur wie en vir wie alles geskep is. Hy hou alles in stand en is die Hoof van die kerk. Deur sy bloed aan die kruis bring Hy versoening. Christus is nie net 'n helper langs baie ander helpers nie; Hy is die Een in wie God se volheid woon en deur wie vrede herstel word. Omdat Christus genoeg is, hoef ons nie ons sekuriteit in besittings of prestasie te soek nie.

Uit die Bybel: Lees ook Romeine 8:1-3 en dink daaroor na.

Wat beteken dit vir jou om “in Christus” te wees?



Sondag 18 Oktober 2026

Tema: **Solas – Dieper Betekenis**



Inspirerende leiers van die hervorming Katharina von Bora

Katharina von Bora was 5 jaar oud toe haar pa haar by 'n klooster afgelaai het. Op 15 het sy 'n non geword.

Agt jaar later is sy en agt ander nonne uit die klooster gesmokkel. Katharina het toe by die Hervorming aangesluit en 'n paar maande later met Martin Luther getrou.

Dit was 'n belangrike en dapper stap. Dit was ongewoon dat 'n predikant en 'n non sou trou.

Katharina was 'n belangrike figuur tydens die Hervorming en word as die moeder van die Hervorming beskou. Katharina het geboer en handel gedryf. Sy het ook 'n gastehuis en konferensiesentrum bestuur.

Ná Luther se dood was sy die eerste vroulike erfgenaam. Die staat het egter Luther se testament as ongeldig beskou en sy het alles verloor.

In 1552 moes sy en haar kinders weens 'n uitbraak van die pes vlug. Een van die belangrike Hervorming-museums is in Torgau ter ere van Katharina von Bora opgerig.

Wat is jou enigste troos in lewe en in sterwe?

Dat ek met liggaam en siel in lewe en in sterwe nie aan myself nie, maar aan my getroue Verlosser, Jesus Christus behoort. Hy het met sy kosbare bloed vir al my sondes ten volle betaal en my uit alle heerskappy van die duiwel verlos. Hy bewaar my op so 'n wyse dat sonder die wil van my hemelse Vader, geen haar van my kop kan val nie. Alles moet inderdaad tot my saligheid dien. Daarom

verseker Hy my ook deur sy Heilige Gees van die ewige lewe en maak Hy my van harte gewillig en bereid om voortaan vir Hom te lewe



Sondag 18 Oktober 2026

Tema: **Solas – Dieper Betekenis**

Hierdie woorde het liedere soos Lied 292 geïnspireer:

*My enigste troos in lewe en dood
is dat ek aan Jesus Christus behoort
Met sy kosbare bloed het Hy my vrygekoop – dis my
anker, my vaste hoop.*

Jesus Christus is die middelpunt van ons geloof. Daar is geen ander pad na die Vader toe behalwe deur Jesus nie. Deur Hom ken ons vir God. Deur Hom het ons lewe. Ons het nie nog 'n middelaar nodig nie – Jesus is genoeg. Ons hoef nie nog iets te doen om met God versoen te word nie – Jesus is genoeg.

Die lam in die inkleurprent by Net Christus, word ook die *Agnus Dei*-kruis genoem. Johannes verwys na Jesus as die Lam van God wat die sonde van die wêreld wegneem (Joh 1:29). 1 Korintiërs 5:7 verwys na Jesus as die paaslam. Net soos die paaslam voor die uittog uit Egipte geslag is, is Jesus die Lam wat deur sy bloed vir ons bevryding gebring het. Ook Openbaring noem Jesus die Lam.

In die *Agnus Dei* staan die Lam regop met 'n banier. Op die banier is daar 'n kruis. Hierdie kruis is simbolies van Jesus se opstanding en oorwinning oor die dood. Terwyl jy/julle hierdie prent inkleur, dink na oor jou/julle geloof in die Lam. Dink na oor wat Hy vir jou/julle gedoen het en oor die betekenis van sy dood en opstanding.

Net Jesus. Meer as genoeg

Dink dieper

- Dink na oor Jesus. Wie is Hy vir jou? Hoe is Hy? Hoe leer jy God deur Jesus ken?
- Katharina von Bora se laaste lewensjare was baie moeilik. Haar erfporsie is gekonfiskeer en haar huis is afgebrand. Sy het 'n inkomste verdien deur vir studente losies aan te bied, totdat Wittenberg se studente weens 'n uitbraak van die pes gevlug het. Sy self het ook gevlug, maar is ernstig beseer toe haar perde geskrik en sy van die perdekar af moes spring. Drie maande later is sy dood.
Haar laaste woorde was: "Ek sal aan my Here Jesus Christus vasklou soos 'n duwweltjie aan 'n jas."
Wat beteken dit vir jou om aan Christus vas te klou.



Sondag 18 Oktober 2026

Tema: **Solas – Dieper Betekenis**

3. Vrae vir bespreking

1. Wat beteken dit dat alles deur Christus en vir Christus geskep is?
2. Watter dinge probeer ons soms by Christus voeg om veilig te voel?
3. Hoe kan vertroue in Christus ons vrymaak om meer vrygewig te leef?

4. Slotgedagte

Net Jesus. Slegs Jesus. Meer as genoeg.

5. Konkrete dade vir die week

- Identifiseer een “Christus plus”-sekuriteit waaraan jy vashou.
- Bemoedig iemand met die waarheid: “Jy behoort aan Christus.”
- Gee iets van jou tyd of besittings as ’n geloofsoffer in liefde.

6. Gebed

Here Jesus, U is genoeg. Help ons om ons hoop, identiteit en sekuriteit in U te vind. Help ons om nie ons tyd, stokp[er]djies, belangstellings, werk of verhoudinge bo te plaas nie. Laat dit ook nie oor godsdiens gaan in die eerste plek nie, maar diens aan U as God! Amen.

7. Vir groepe met kinders

Die anker

Verduideliking: Wys ’n anker of ’n prent van ’n anker. Vra: “Waarvoor is ’n anker nodig?”

Waar het hulle al ’n regte anker gesien? Wat gebeur met die boot as hy nie ’n anker het nie.

Geestelike toepassing:

’n Anker hou ’n boot vas wanneer die wind en golwe sterk is. Christus is die vaste hoop van God se kinders. Ons hoef nie ons lewe aan geld, prestasie of mense vas te bind nie.

Jesus wys vir ons wie en hoe God is. Jesus wys vir ons God het na ons toe gekom. Jesus wys vir ons God is lief vir ons. Jesus wys vir ons dat God ons sy kinders maak.

